

25 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 6:13 (lees ook Jak. 1) (1933/1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 6:13; HK Sondag 52 (vr. 127)

Die sesde bede: *En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose*

In die sesde bede van die Onse Vader is dit asof ons wil huiwer: *Lei ons nie in die versoeking nie?* Lei God ons dan in versoekings in? Jakobus sê dan duidelik, self versoek God niemand nie. Hoe dan nou? In die vyfde bede het ons om ons regverdigmaking gebid. Die sesde bede raak nou ons heiligmaking.

In hierdie bede gaan dit oor ons daaglikse stryd teen die Bose, die wêreld en ons eie swakke vlees. Ons weet: God beproef, Satan versoek. Deur die versoekings wil Satan ons van God vervreem, deur ons beproewings wil God ons nader trek na Hom toe. Tog, deur versoekings en beproewings besef ons ons afhanklikheid van God. In ons aardse stryd gaan ons met beide te doen kry. Ons bede is dat God ons deur versoekings en beproewings sal dra.

In hierdie stryd word ons van vele kante af aangeval. Die duiwel, as vyand nommer een, dring ons hele lewe binne. Daarom bid ons dat ons van die bese verlos moet word, maar ook die wêreld met al haar verleidinge bedreig ons. Voeg dan nog by ons eie swakke vlees, dan besef ons hoe nodig ons hierdie sesde bede het: *Here, maak ons los van hierdie stryd, verlos ons van die Bose, bewaar ons van die versoeking, laat ons in alle beproewinge U voor oë hou.*

Die sesde bede is vir ons lewensbelangrik. 'n Verklaarder skryf so treffend: Elke mens het nodig om hierdie gebed te bid, want daar is versoekings vir elkeen. Daar is versoekings vir die oues van dae, die jonges, die jeug; die volwassenes, die siekes, die gesondes, die rykes, die armes, die werkgewer, die werknemer, die heer, die kneg, die getroude, die ongetroude, die mense in die kerk en die mense buite die kerk. Geen mens spring die versoeking en beproewing oor jou pad vry nie.

Ons stry 'n stryd wat Christus reeds oorwin het. Daarom is dit nie 'n verlore stryd nie. Ons is strydend totdat ons ook triomferend sal wees. Die oorwinning behoort reeds aan God. Tot op ons sterfbed duur die stryd, maar ons vrees nie, want ons bid tot Hom wat reeds oorwin het: *Lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*

Sing: Psalm 31:12 (1936)

Ds. JG (Hannes) Noëth (Kimberley)